Heildronk – Simonsberg (ete by in-gebruikneming van die Koshuis, 27 Maart 1956.

I alg. 191. T. 7 (11)

III Vereistes waaraan ons moet voldoen om van die lewe 'n sukses te maak. Wat sou ons begeer, as ons die beste sukses van ons lewe wil maak? Verskillende antwoorde kan hierop gegee word. Dit hang af van die persoon, van die werk wat hy doen, van plek waar hy werk. Laat ons 'n bietjie rondloop en verskillende mense ondervra.

IV Ons Visekanselier – ds. Gericke. Verskeie dinge, maar ons vra: wat is vernaamste. – moet 'n 20-pond kabeljou uitgetrek het.

V Die Inwonende Hoof v. Simonsberg – prof. Gunter. Verskeie dinge, maar vernaamste: moet sy woord nie opmaak om iets tot nadeel van Simonsberg te sê nie.

VI Die Primarius van Simonsberg – mnr. Gys Steyn. Verskeie dinge: goeie versameling van regsboeke, duidelike argument voer, 'n paar lekker hofsake, maar vernaamste: nie noodwendig 'n paar goeie sake later nie, maar net 'n goeie kys hier, nou op Stellenbosch.

VII Die tipiese on plaasjong: weet nie van baie dinge nie – toe by by godsdiensoefening gevra word: dit sal maar 'n prinsipie twak wees.

VIII meer ernstig: die tipiese Stellenbossche student. Baie dinge, maar veral

één: hy moet in 'n gelukkige koshuis uitgewoon het.
Die koshuis is ons tuiste; ons intiemste vriendekring; die deelgenoot van ons plesier en ons smart. Dit lê grotendeels die grondslag vir ons latere lewe. As ons terugdink aan ons studentelewe, dink ons eers en veral terug aan ons koshuis.

IX Voorreg van Simonsberg se inwoners. 'n Nuwe koshuis, mooi ligging, mooi terrein — kan iets bou vir die toekoms

X Ook plig van Simonsberg. Hulle moet hierdie voorreg tereg gebruik. Hulle moet ons help; hulle moet my help. Ek reken op hulle; hulle sal my nie teleurstel nie. Hulle sal ook hulle ouers nie teleurstel nie.

XI Heildronk.
Mag Simonsberg een van ons beste, een van ons mooiste koshuise wees. Mag hy nie net 'n mooi ~~die beste~~ gebou en ~~die~~ mooi~~ste~~ terrein hê nie; mag hy bowenal 'n ~~die~~ goeie, 'n mooi invloed uitoefen. ~~beste en die mooiste invloed~~ ~~[illegible]~~